Republikein
*Jou land. Jou mense. Jou nuus.*

07.07.2026

# Van Grootfontein tot die internasionale verhoog

Birke Thümer (née Gressmann) is Vrydag by die International Speaker Slam naby Wiesbaden in Duitsland met die gesogte Internasionale Sprekerstoekenning bekroon.

Birke, gebore en getoë op Grootfontein, se bekroonde toespraak het gehandel oor die maatskaplike belang van gesonde, ekologiese en volhoubare argitektuur.

Birke werk as argitek by die Bodensee in suidelike Duitsland, waar sy haar onderneming Thümer Holzbau Architektur bestuur. Sy is 'n argitek, meester-skrynwerker, boubioloog en beoordelaar van bouskade.

In haar werk verbind sy argitektoniese beplanning, houtkonstruksie, praktiese materiaalkennis en 'n diep begrip van gesonde leefruimtes.

Die grondslag vir hierdie pad is op Grootfontein gelê waar Birke in die Laerskool Wilhelm Nortier was. Volgens haar was sy die eerste meisie by die skool wat toegelaat is om houtwerk as vak te neem. Tot op daardie stadium kon meisies net naaldwerk neem om te leer hekel en brei, terwyl houtwerk slegs vir seuns was.

Hierdie stap is destyds moontlik gemaak deur die skoolhoof, Landman van Greunen. Vir Birke was dit 'n bepalende oomblik: Vir die eerste keer kon sy met hout werk – 'n materiaal wat later die goue draad deur haar hele beroepslewe sou word.

NA BL. 2

BB
BRUIDSPAAR VAN DIE JAAR
Met dank aan ons borge
19 O&L 19
LEISURE
NAMIBIA THROUGH OUR EYES
Republikein

Republikein
*Jou land. Jou mense. Jou nuus.*

07.07.2026




**Hermann Scherer (links) oorhandig die Internasionale Sprekerstoekenning aan Birke Thümer in Duitsland.** FOTO JUSTIN BOCKEY